

SAHARA - AVONTUUR
REEKS
NO. 7
DREUNENDE HOEWE
Meiring Fouché

# DREUNENDE HOEWE

*deur*

**MEIRING FOUCHE**

*Uitgegee deur*:

SKATKIS BOEKE - UITGEWERS

Strand Mews Strand

2022

# Dreunende Hoewe

Voorbladskets is die oorspronklike voorblad van die 1980's se uitgawe.
Hierdie boek is die derde uitgawe (aangepaste weergawe).

Kopiereg op hierdie verhaal is voorbehou en dit mag nie in die geheel of gedeeltelik herdruk word of versprei word sonder die nodige skriftelike toestemming van die uitgewer nie. Herdruk sluit in geen vorm van elektroniese of meganiese vorm, bv. deur middel van e-boeke, fotokopiëring, skryf, bandopname of deur enige ander manier vir inligtingsbewaring of ontsluiting. Al die karakters en gebeure in hierdie verhaal is denkbeeldig en het geen betrekking op enige persone, lewendig of dood nie.

DREUNENDE HOEWE
deur Meiring Fouche

ISBN 978-1-928498-06-3

Uitgegee deur:
Skatkis Boeke - Uitgewers, Strand Mews, Strand 7140
Suid-Afrika

Kopiereg @ Pieter Haasbroek (2022)
Aanlyn winkel: https://panther-ebooks.com
Webwerf: https://www.softcoverbooks.co.za

# OPSOMMING

Teuns Stegmann en van sy vriende ontsnap uit die vesting van die Doelaks in die Atlasgebergte, met ’n bomwerper. Hulle land daarmee in Dini Salam en vertel aan kolonel Le Clerq, bevelvoerder van Dini Salam, dat daar verskeie gaswapens in die vliegtuig is. Die dodelike gaswapens was bestem vir Brigitte Bonnet, leier van die Doelaks se aanval teen die Franse forte. Hulle verwag dat sy binnekort al die forte daarmee gaan aanval. Dan bereik nog meer skokkende nuus hulle. Die heilige Swaard van Doetra word gesteel uit sy bewaring in die Franse hoofkwartier. Dit alleen is genoeg om feitlik al die Arabiere in die woestyn saam te laat staan, in hul stryd om die Franse juk finaal van hul skouers af te gooi. Kaptein D’Arlan, wat die bynaam Houdini van die woestyn gekry het, beraam ’n hoogs geheime plan wat hy aan kolonel Le Clerq voorlê. Met tweehonderd manskappe tot sy beskikking vertrek hy kort daarna die woestyn binne, om sy plan in werking te gaan stel.

Brigitte Bonnet, vorstin en leier van die Doelaks stuur vyfhonderd ruiters na die eerste Franse fort, Fort Laval. Maar tot hul verbystering is die fort dolleeg, buiten een baie dronk manskap wat agter gebly het. Hy vertel hulle ’n verhaal wat hulle amper nie kan glo nie. Die Doelaks beset dadelik die fort en maak planne om die volgende fort, fort Petain te gaan aanval. Fort Laval is egter toe nie so leeg as wat hulle aanvanklik gedink het nie en kry hulle

die verrassing van hul lewe. Een Doelak ontsnap egter die dood en verwoesting. Teuns, Fritz en Jack Ritchie word gestuur om hom agterna te sit en te verhoed dat hy alarm gaan maak by Brigitte se hoofmag, wat reeds op pad is om die fort Dini Salam te gaan aanval. Kort voor lank word hulle in die woestyn oorval deur ses gewapende drosters van die Franse Vreemdelegioen. By hulle het hulle iets, so ongelooflik en so belangrik dat Teuns weet hulle moet so gou moontlik probeer ontsnap, om die uiters belangrike nuus so spoedig moontlik aan kolonel Le Clerq te gaan oordra. Met ’n baie slim set slaag Teuns daarin om hulle drie te bevry, maar hulle vlug en vreugde is van korte duur. ’n Patrollie van twintig Arabiere kry hul spoor en volg hulle genadeloos deur die woestyn, om die skat wat hulle gevind het, terug te kan kry.

Intussen weet nie Teuns-hulle of kolonel Le Clerq wat van D’Arlan geword het nie. Hy en sy tweehonderd manskappe het eenvoudig spoorloos verdwyn. Dan daag daar skielik ’n see van derduisende ruiters op wat Dini Salam heeltemal omring. Brigitte Bonnet het opgedaag saam met duisende ander Arabiere en berei hulle voor vir die finale aanval teen Dini Salam, die volgende oggend. Vanaf die borswering in Dini Salam, sien kolonel Le Clerq ’n eensame ruiter aangejaag kom na die hooftent van Brigitte Bonnet. Nie lank daarna nie, vertek sy en drieduisend ruiters in ’n stofwolk na Doetra, hulle eie vesting. Die onbekende ruiter word begelei deur sestig van Brigitte se lyfwag op spierwit perde. Kolonel Le

Clerq kan nie verstaan wat aangaan nie en besef dat hulle posisie hopeloos is. Maar dan besluit hy om iets gewaagds aan die saak te doen voor die volgende oggend. ’n Rooi ligstraal wat agter die duisende aanvallers in die lug opgeskiet is, is die teken waarop hulle gewag het…

# UITTREKSEL

“Baie dankie, dapper prins,” terg Teuns terug. “Ons kan later praat. Laat ons gou die perde voor die hek wegkry. Die duiwel gaan nou enige oomblik losbreek.”

En so is dit ook. Teuns se woorde is nog nie eens koud nie, toe voel dit asof die hele woestyn vergaan. Snelgewere begin dodelik stotter, koeëls blits rooi deur die lug en daar is harde ontploffings net buite die fort. Die Arabiere roep uit en skreeu asof hulle vermoor word en oor alles hang die snaakse wit lig van die ligkoeëls wat Petacci daar uit die vlagtoring bly afvuur.

Teuns en Fritz jaag die perde vinnig voor die poort weg en neem hulle na agter toe, waar hulle veilig sal wees. Dan hardloop hulle ook die trappe na die borswerings op, waar die res van die manne besig is om handgranate tussen die Arabiere in te gooi. Daar waar die handgranate val, saai dit dood en verwoesting...

# INHOUD

**Hoofstuk**

1. Nuwe Wapen

2. Man met ’n Vlag

3. Die Poppe Dans

4. Slagting voor die Poort

5. Bloedspoor

6. Vreemde Ruiters

7. Gevangenes

8. Dood in die Donker

9. Bitter Vlug

10. Die Hordes Kom

11. Verrassing vir Madame

# 7. DREUNENDE HOEWE

## Hoofstuk 1
## NUWE WAPEN

Fritz Mundt, die groot Duitser in die Franse Vreemdelegioen, roer sy tone, verander sy hande onder sy kop en kyk dan na die plafon waar die vlieë draai. Dan besluit hy om die vraag te stel wat hy so lankal wil stel. Hy kap vinnig met sy groot hand na ’n lastige vlieg, draai op sy sy en kyk na die lang, blonde man op die katel langs syne. Hy kyk na sy gespierde kaal bolyf, na die lenige, kragtige bene en na die blonde kop wat deurmekaar is van die slaap. En dit op hierdie middag wat so warm is dat dit voel asof dit al die vog uit jou liggaam trek.

Fritz roer die pruimpie ’n slag in sy kies. “Suid Afrikaner,” sê hy dan, “dink jy hulle gaan ons terugstuur na daardie bakoond van ’n Fort Laval?”

Teuns Stegmann, die lenige Suid Afrikaner, maak sy oë oop, draai sy kop stadig en kyk bietjie verdwaas na die Duitser.

“Vir wat slaap jy nie, ou grote? Vir wat lê en vra jy nonsens vrae op ’n middag soos hierdie?”

“Dink jy hulle gaan ons terugstuur na daardie vlieënes toe?”

“Hoe moet ek weet?” antwoord Teuns. “Hulle sal ons seker terugstuur. Ons is veronderstel om drie maande daar af te los. Ons paar was seker nie meer as drie of vier dae daar voordat die noodlot ander manewales met ons uitgehaal het nie. Nee, ek dink hulle sal ons terugstuur, ou

grote...”
“Na alles wat ons deurgemaak het? Nee, hulle kan nie! As hulle ons weer na daardie verpestelike plek stuur, dan rebelleer ek! Ek het net mooi genoeg gehad van daardie verlate plek!”
“Hierdie is nie ’n stedelike klub nie, ou grote,” sê Teuns en gaap en klap met sy hande na die vlieë wat so lastig is. “Hierdie is die Franse Vreemdelegioen en hier doen jy soos vir jou gesê word of weet jy dit nog nie?”
“Maar ons paar was amper dood! Hulle kan ons mos nie sommer nou al weer na Fort Laval stuur nie?” Hoekom gaan sê jy nie vir die kolonel dat jy nie na Fort Laval wil teruggaan nie? Dalk bevorder jy jou tot sersant...” Die Suid Afrikaner swaai op sy sy en kyk onderlangs na die Duitser. “Jy wil net weer hier in Dini Salam lê en wyn suip, dit is al,” terg hy die Duitser wat met ’n uitdrukking van onvergenoegdheid daar lê.
Meteens kom Fritz Mundt half orent op sy elmboog. “Hier is mos ander manne wat hulle kan stuur! Hier is van hierdie gespuis wat in die afgelope jaar nog nooit in Fort Laval was nie!”
“Miskien stuur hulle ons omdat hulle meen dat ons so dapper is. Miskien is hulle bang dat die ander kêrels nie dieselfde goeie werk sal kan doen as ons paar nie.” Teuns buk, tel sy sigaretstompie van die vloer af op en steek dit aan. Hy trek ’n diep skuif aan sy sigaret en kyk deur die groot slaapsaal. Die beddens is amper almal leeg. Net ’n paar kêrels lê op die hittige middag hier en rus. Dit is hyself, Fritz Mundt, Podolski, die Pool, Jack Ritchie, die

blonde Engelsman en Petacci, die klein Italianertjie, wat so snork dat geen mens dit sal kan hou nie.

Nadat hulle kort voor die middag hier aangekom het, het hulle die reg gekry om die res van die dag te rus.

Met ’n geringe behaaglikheid luister Teuns hoe die res van die manne in die garnisoen van Dini Salam, buite in die warm vierkant paradeer. Hy luister na die kort, skerp bevele van die sersant wat hulle laat dril.

“Ek gaan rebelleer as hulle ons weer na Fort Laval stuur,” murmureer Fritz weer, maar die Suid Afrikaner steur hom nie verder aan die Duitser nie.

In die kantoor van die bevelvoerende offisier van die garnisoen snork kolonel Paul Le Clerq deur sy grys snor.

“Nou toe, sersant Catroux,” sê die kolonel. “Vertel nou eers gou hoe dat dit gekom het dat ’n patrollie van die Franse Vreemdelegioen, wat veronderstel was om in Fort Laval af te los, met ’n vreemde vliegtuig hier uit Doetra aangesit gekom het. Op rus!”

Sersant Catroux, die klein blas mannetjie, ontspan en sluit sy hande agter sy rug saam. Hy kyk eers beurtelings na kolonel Le Clerq en dan na kaptein D’Arlan wat ook langs die lessenaar sit. Hy bemerk die geamuseerde trek in die kaptein se oë, maar in die oë van die kolonel is daar net ’n kille erns. Dan kyk Catroux na die bejaarde Arabier wat ook hier langs die lessenaar sit. In die ou man se donker oë gloei tekens van ’n oorwinning.

“*Mon colonel*,” sê sersant Catroux, “ons wat vandag per vliegtuig hier terug gekeer het, was lede van luitenant Juin se aflos afdeling wat na Fort Laval gegaan het. Ons, sowel

as luitenant Rousseau se manskappe wat ons moes gaan aflos, is daar oorval deur ’n vrou saam met ’n spul vreemde soldate, ene *madame* Bonnet, suster van die oorlede El Karima...”

“Ja... ja. Dit is reeds bekend,” sê Le Clerq ongeduldig. “Sy het die een of ander verwaande idee om die Vreemdelegioen met gaswapens uit Marokko te verdryf...”

“Dit is korrek, *mon colonel*. Ons het later weer die oorhand gekry en sy en ene professor Benesj het met ’n jeep weggevlug. Luitenant Juin het my saam met manskappe Stegmann, Mundt, Podolski, Ritchie, Petacci en Jorgensen gestuur om te probeer vasstel waarheen sy gevlug het. Ons is deur ’n sandstorm oorval en in ’n Arabiese gehuggie, by ’n verlate oase, het ons op *Madame* en die professor afgekom. Ons het haar probeer terugneem na Fort Laval, maar toe daag daar een oggend ’n vliegtuig op en hulle oorrompel ons weer...”

“Wie is die hulle? Die *Madame* en die professor?” Daar is ’n tinteling van humor in die kolonel se skerp oë.

“Die vliegtuig was vol soldate met snelgewere, *mon colonel*,” ontwyk hy die kolonel se vraag.”

“Ek sien...”

“Hulle het ons na Doetra geneem en as dit nie vir sjeik El Dota hier by ons was nie, sou ons vereker daar gesterf het. Met sy hulp het ons die vliegtuig bereik en daarmee ontsnap. Gelukkig was manskap Ritchie in die Tweede Wêreldoorlog ’n bomwerper loods. Dit is hoe ons toe so met die vliegtuig hier aangekom het, *mon colonel*.”

“’n Besondere interessante verhaal, *mon sergeant*,” sê die ou kolonel en trek ingedagte aan sy snor.

“Enige vrae, *mon capitaine*?"

“El Dota hier het die indruk gekry dat hierdie vrou heeltemal ernstig is wanneer sy sê dat sy die Vreemdelegioen in Marokko deur middel van gas wil uitroei,” sê kaptein D’Arlan, die klein blas mannetjie. Die vrees van oorlogvoerende Arabiere, die “Houdini” van die woestyn, wat nog elke keer op wonderbaarlike wyse aan die dood ontkom het wanneer die Arabiere daarin geslaag het om hom vas te trek. “Is dit ook u indruk, *mon sergeant*?”

“Sonder die geringste twyfel, *mon capitaine*,” antwoord Catroux. “Hierdie vrou lyk vir my totaal waansinnig. Sy wil die dood van haar suster, El Karima, wreek en sy wil dit doen deur middel van ’n gasoorlog.”

“Is haar gas enigsins gevaarlik?”

“Die gas wat hulle gebruik, is dodelik, *mon capitaine*. Absoluut dodelik. En dit kan op lang afstand ook gebruik word. Ons het niks wat daarteen bestand is nie.”

“Het hulle groot voorrade?”

“Hulle het heelwat voorrade en gaswapens in Fort Laval agtergelaat en ek is seker die bomwerper was vol gasvoorrade toe hulle ons na Doetra geneem het.”

“Ek neem aan hulle gebruik gaskoeëls?”

“Dit is so, *mon capitaine*. Hulle gebruik kragtige gewere om die goed af te skiet en hulle ontplof sodra hulle iets tref. Hulle sal dodelik wees teen ons garnisoene in die forte.” “Het jy enige idee wat die *Madame* se

veldtogplanne is, *mon sergeant*?"
"Nie veel besonderhede nie, *mon capitaine*, behalwe dat die aanval heel gou van stapel gestuur gaan word."
"So het ons by El Dota ook verneem," sê kolonel Lê Clerq tussenin.
"*Oui*, *mon colonel*. Sy het te kenne gegee dat sy Fort Laval, Fort Petain en Dini Salam eerste gaan aanval."
"Het sy die vertroue van die Arabiere?" vra D'Arlan weer.
"Sonder die minste twyfel, *mon capitaine*. Ek dink hulle aanbid haar, net soos hulle oorlede El Karima aanbid het."
"Het julle baie Arabiere gesien?"
"Baie duisende. Toe ons na Doetra, die hoofstad van die Doelaks gevlieg het, het dit gelyk of die woestyn behoorlik lewe soos Arabiese krygers op die poort na Doetra toegesak het. Ook in Doetra self het dit gekrioel van krygsmanne."
"Betreklik neerdrukkende verhaal, nie waar nie *mon sergeant*?" sê kolonel Le Clerq en kyk deurdringend na die sersant.
"Ek is bevrees so, *mon colonel*," antwoord Catroux effens gespanne.
"Dit sal vir nou eers al wees, El Dota... sersant Catroux," sê kolonel Le Clerq en steek sy hand vir die ou sjeik uit, wat saam met Catroux en die paar Legioenmanne, met *madame* Brigitte Bonnet se vliegtuig uit Doetra ontsnap het. "Namens Frankryk en namens die Vreemdelegioen bedank ek u vir u dapperheid en trou. U sal ter geleëner tyd u beloning daarvoor ontvang."
El Dota buig effens en dan stap hy saam met Catroux die

kantoor uit.
Le Clerq gaan met ’n sug sit en kyk onderlangs na D’Arlan. “Dit is nou weer ’n pragtige petalje,” merk die kolonel op. “Duisende der duisende Arabiere in Doetra saamgetrek en dit met ’n nuwe leier en met gaswapens. Dit sal my nie verbaas as die Vreemdelegioen eerlank met vlieënde pierings te doen kry nie, D’Arlan.”
“Genugtig,” sê D’Arlan stadig en roer sy offisierstaf stadig in die rondte. “Dit is omtrent die warmste patat waarmee ons nog te doen gehad het, *mon colonel*. Hierdie is nie kinderspeletjies nie. Hulle kan ons met hierdie gas geweldig skade aandoen en ons nog tien teen een daarmee oorrompel ook. Ons sal vinnig moet optree.”
“Optree? Hoe moet ek optree as hierdie heks blykbaar sommer drie plekke tegelyk wil aanval? Glo jy hierdie storie oor die gas en die hordes wat in Doetra saamgetrek is?”
“Ons moet dit glo, *mon colonel*. Ons weet alles van die gaswapens wat hulle in Fort Laval agtergelaat het en die verhale van Catroux en El Dota stem presies ooreen. Ek dink nie daar is enige twyfel aan nie.”
Le Clerq ruk die boonste laai van sy lessenaar oop, pluk ’n bottel konjak uit, skink ’n glasie half en slaan dit dan sommer so skoon weg. Toe hou hy die glasie vraend omhoog, maar D’Arlan skud sy kop. “Nie nou al nie, *mon officier*,” sê hy met ’n ligte glimlag. “Ek is te veel onder die indruk van hierdie dreigende gasoorlog om iets te wil drink.”
“Ons moet Algiers onmiddellik laat weet,” sê Le Clerq en